Copies of the proposed amendments are open for inspection during normal office hours at the office of the Town Secretary, Municipal Offices, Secunda for a period of fourteen (14) days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

Any person who is desirous of recording his objection to the proposed amendments, must lodge such objection in writing with the Town Clerk within fourteen (14) days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

J F COERTZEN
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 2
Secunda
2302
26 February 1986

328-26

STADSRAAD VAN SECUNDA

WYSIGING VAN VASSTELLING VAN GELDE: ELEKTRISITEIT

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), soos gewysig, dat die Stadsraad met ingang vanaf die normale meterlesingsdatum in Februarie 1986 by spesiale besluit die tarief van gelde betaalbaar vir die lowering van elektrisiteit gewysig het.

Die algemene strekking van die wysiging is om vir 'n verhoogde tarief van gelde voorsiening te maak as gevolg van die aanpassing van elektrisiteitstariese deur Evkom.

'n Afskrif van die besluit van die Raad en die volle besonderhede van die wysiging van

gelde waarna hierbo verwys word is gedurende gewone kantoorure ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Munisipale Kantore, Secunda vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar wil aanteken teen die voorgestelde wysigings, moet sodanige beswaar skriftelik by die Stadsklerk indien binne veertien (14) dae na die publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

J F COERTZEN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 2
Secunda
2302
26 Februarie 1986

TOWN COUNCIL OF SECUNDA

AMENDMENT TO DETERMINATION OF CHARGES: ELECTRICITY

Notice is hereby given in terms of the provisions of section 80B(3) of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, as amended, that the Council has by special resolution amended the tariff of charges payable for the supply of electricity with effect from the normal meter reading date in February 1986.

The general purport of the amendment is to make provision for an increase of the tariff of charges as a result of the adjustment of an electricity tariffs by Escom.

A copy of the special resolution of the Council and full particulars of the amendment of charges referred to above are open for inspection during normal office hours at the office of the Town Secretary, Municipal Offices, Secunda, for a period of fourteen (14) days from the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

Any person who is desirous of recording his objection to the proposed amendments, must lodge such objection in writing with the Town Clerk within fourteen (14) days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

J F COERTZEN
Secretary

Municipal Offices
PO Box 2
Secunda
2302
26 February 1986

329-26

STADSRAAD VAN THABAZIMBI

WYSIGING VAN 'N BUSROETE

Kennis word hiermee gegee ingevolge die bepalings van die artikel 65bis van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, Ordonnansie 17 van 1939, dat die Stadsraad van voorneme is om die busroete, vir die vervoer van werknemers van die RPM (Amandelbultmyn) na en van hul werksplek, te wysig.

Besonderhede in verband met die voorgestelde wysiging lê ter insae in die kantoor van die Stadsklerk, Munisipale Kantore, Thabazimbi en iedereen wat beswaar teen die instelling van die busroete wil maak, moet sodanige beswaar skriftelik by die ondergetekende in-

dien binne 21 dae na verskyning van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

DIRK W VAN ROOYEN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Jourdanstraat
Posbus 90
Thabazimbi
0380
26 Februarie 1986
Kennisgewing No 6/1986

TOWN COUNCIL OF THABAZIMBI AMENDMENT OF A BUS ROUTE

Notice is hereby given in terms of section 65bis of the Local Government Ordinance 1939, that the Town Council intends to amend the routes for the transport of RPM (Amandelbult mine) employees to and from their place of work.

Particulars regarding the proposed amendment lie open for inspection in the office of the Town Clerk, Municipal Offices, Thabazimbi and any person who has any objection against the amendment of the bus route must lodge his objection with the undersigned in writing within 21 days of publication of this notice in the Provincial Gazette.

DIRK W VAN ROOYEN
Town Clerk

Municipal Offices
Jourdan Street
PO Box 90
Thabazimbi
0380
26 February 1986
Notice No 6/1986

330—26

STADSRAAD VAN VANDERBIJLPARK

WYSIGING VAN TARIWE BY DIE SWEMBADDENS

Daar word hierby ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939, bekend gemaak dat die Stadsraad van Vanderbijlpark by Spesiale Besluit dat die tariewe by die Raad se swembaddens afgekondig onder Munisipale Kennisgewing 75 van 21 September 1983, soos gewysig, met ingang 1 Februarie 1986 gewysig het.

Die algemene strekking van die wysiging is om voorsiening te maak vir die gebruik van die Raad se swembaddens deur anderskleurige klubs vir kompetisie doeleindes.

Besonderhede van die voorgestelde wysiging lê gedurende kantoorure vir 'n tydperk van veertien dae vanaf publikasie van hierdie kennisgewing by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 202, Munisipale Kantoorgebou, Klasie Havengastraat, Vanderbijlpark ter insae.

Enige persoon wat beswaar teen die voorgestelde wysiging wil maak, moet dit skriftelik voor of op 12 Maart 1986 by die Stadsklerk indien.

CBEUKES
Stadsklerk

Posbus 3
Vanderbijlpark
1900
26 Februarie 1986
Kennisgewing No 15/1986

TOWN COUNCIL OF VANDERBIJLPARK AMENDMENT TO TARIFFS AT THE SWIMMING BATHS

It is hereby notified in terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, that the Town Council of Vanderbijlpark has by Special Resolution amended the tariffs at the Council's swimming baths, published under Municipal Notice 75 dated 21 September 1983, as amended, with effect from 1 February 1986.

The general purport of the amendment is to make provision that all races can make use of the Council's swimming baths for competitions.

Particulars of the proposed amendment will lie for inspection for a period of fourteen days after publication of this notice at the office of the Town Secretary, Room 202, Municipal Office Building, Klasie Havenga Street, Vanderbijlpark, during normal office hours.

Any person desirous of lodging any objection against the proposed amendment should do so in writing to the Town Clerk before or on 12 March 1986.

CBEUKES
Town Clerk

PO Box 3
Vanderbijlpark
1900
26 February 1986
Notice No 15/1986

331—26

STADSRAAD VAN VANDERBIJLPARK

VASSTELLING VAN GEDIFFERENSIEERDE WATERTARIEWE

Daar word hierby ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939, bekend gemaak dat die Stadsraad van Vanderbijlpark by Spesiale Besluit van 29 Januarie 1986 die gedifferensieerde watertariewe afgekondig by Munisipale Kennisgewing No 15 van 3 April 1985 met ingang 1 Februarie 1986 verder gewysig het.

Die algemene strekking van die wysiging is om voorsiening te maak vir verhoging in tariewe.

Besonderhede van die voorgestelde wysiging lê gedurende kantoorure vir 'n tydperk van veertien dae vanaf publikasie van hierdie kennisgewing by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 202, Munisipale Kantoorgebou, Klasie Havengastraat, Vanderbijlpark ter insae.

Enige persoon wat beswaar teen die voorgestelde wysiging wil maak, moet dit skriftelik voor of op 12 Maart 1986 by die Stadsklerk indien.

CBEUKES
Stadsklerk

Posbus 3
Vanderbijlpark
1900
26 Februarie 1986
Kennisgewing No 16/1986

TOWN COUNCIL OF VANDERBIJLPARK

DETERMINATION OF DIFFERENTIATED WATER TARIFFS

It is hereby notified in terms of section

80B(8) of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, that the Town Council of Vanderbijlpark has amended by Special Resolution of 29 January 1986 the differentiated water tariffs, promulgated under Municipal Notice 15 of 3 April 1985 with effect from 1 February 1986.

The general purport of the amendment is to make provision for increase in water tariffs.

Particulars of the proposed amendment will lie for inspection for a period of fourteen days after publication of this notice at the office of the Town Secretary, Room 202, Municipal Office Building, Klasie Havenga Street, Vanderbijlpark, during normal office hours.

Any person desirous of lodging any objections against the proposed amendment should do so in writing to the Town Clerk before or on 12 March 1986.

CBEUKES
Town Clerk

PO Box 3
Vanderbijlpark
1900
26 February 1986
Notice No 16/1986

332—26

STADSRAAD VAN VEREENIGING

VASSTELLING VAN GELDE

Daar word hierby ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Raad van voornemens is om by Spesiale Besluit gelde betaalbaar ingevolge die Nasionale Bouregulasies, die Wet op Nasionale Bouregulasies en Boustandaarde, 1977, en die Standaard Bouverordeninge vas te stel.

Die algemene strekking van hierdie vasstelling is om nuwe kostes, betaalbaar ingevolge bogenoemde met ingang van 1 April 1986, vas te stel, sowel as sekere kostes betaalbaar ingevolge die Standaard Bouverordeninge, te herroep.

'n Afskrif van hierdie vasstelling lê ter insae gedurende kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris vir 'n tydperk van veertien dae vanaf datum van publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde vasstelling wens aan te teken, moet dit skriftelik by die Stadsklerk, Munisipale Kantoor, Vereeniging, doen nie later nie as Woensdag, 12 Maart 1986.

J J ROODT
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 35
Vereeniging
26 Februarie 1986
Kennisgewing No 16/1986

TOWN COUNCIL OF VEREENIGING

DETERMINATION OF CHARGES

It is hereby notified in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council intends determining tariffs payable in terms of the National Building Regulations, the National Building Regulations and Standards Act, 1977 and the Standard Building By-laws by Special Resolution.

The general purport of this determination is to levy new charges payable in terms of above-mentioned, with effect from 1 April 1986, as well as to repeal certain charges payable in terms of the Standard Building By-laws.

A copy of this determination is open for inspection during office hours at the office of the Town Secretary for a period of fourteen days from date of publication hereof in the Provincial Gazette.

Any person who desires to record his objection to the said determination must do so in writing to the Town Clerk, Municipal Offices, Vereeniging, by not later than Wednesday, 12 March 1986.

J J ROODT
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 35
Vereeniging
26 February 1986
Notice No 16/1986

333—26

STADSRAAD VAN VEREENIGING

VEREENIGING ONTWERP-DORPSBE- PLANNINGWYSIGINGSKEMA 1/310

KENNISGEWING INGEVOLGE ARTIKEL 26(1)(a) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1965

Die Stadsraad van Vereeniging het 'n Ontwerp-dorpsbeplanningskema opgestel wat bekend sal staan as Vereeniging-wysigingskema 1/310.

Hierdie skema sal 'n wysigingskema wees en bevat 'n voorstel vir die wysiging van Klousule 20 vervat in die Vereeniging-dorpsbeplanningskema, 1965, deur die weglating van die woorde "n woonhuis" en die vervanging daarvan met die woorde "nie meer as twee woonhuise nie", waar dit verskyn in die woordomskrywing van "landbougebou".

Die doel van die wysiging is om die oprigting van tweede woonhuise op landbouhoeves ingevolge die bepalings van die Vereeniging-dorpsbeplanningskema, 1956, toe te laat.

Besonderhede van hierdie skema lê ter insae in die kantoor van die Stadsekretaris (Kamer 1), Munisipale Kantoor, Vereeniging, vir 'n tydperk van vier weke vanaf die datum van die eerste publikasie van hierdie kennisgewing, naamlik 26 Februarie 1986.

Enige beswaar of vertoë in verband met hierdie skema moet skriftelik aan die Stadsraad van Vereeniging binne 'n tydperk van vier weke vanaf bogenoemde datum voorgelê word.

J J ROODT
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 35
Vereeniging
26 Februarie 1986
Kennisgewing No 17/1986

TOWN COUNCIL OF VEREENIGING

VEREENIGING DRAFT TOWN-PLAN- NING AMENDMENT SCHEME 1/310

ADVERTISEMENT IN TERMS OF SEC- TION 26(1)(a) OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1965

The Town Council of Vereeniging has pre-

pared a Draft Town-planning Scheme to be known as Vereeniging Amendment Scheme 1/310.

This scheme will be an amendment scheme and contains a proposal for the amendment of Clause 20 included in the Vereeniging Town-planning Scheme, 1956, by the deletion of the words "a dwelling-house" and the substitution thereof with the words "not more than two dwelling-houses" where they appear in the definition of "Agricultural holding".

The purpose of this rezoning is to permit the erection of second dwelling-houses on agricultural holdings in terms of the provisions of the Vereeniging Town-planning Scheme, 1956.

Particulars of this amendment scheme are open for inspection at the office of the Town Secretary, (Room 1), Municipal Offices, Vereeniging, for a period of four weeks from the date of first publication of this notice, which is 26 February 1986.

Any objection or representations in connection with this scheme shall be submitted in writing to the Town Council of Vereeniging within a period of four weeks from the above-mentioned date.

J J ROODT
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 35
Vereeniging
26 February 1986
Notice No 17/1986

334—26

STADSRAAD VAN VEREENIGING

VOORGESTELDE PERMANENTE SLUI- TING EN VERVREEMDING VAN 'N GE- DEELTE VAN GEDEELTE VAN ERF 821, RISIVILLE

Hierby word ingevolge die bepalings van artikels 67, 68 en 79(18)(b) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat dit die voorneme van die Stadsraad van Vereeniging is om 'n gedeelte van Erf 821, Risiville, groot ongeveer 8 000 m², soos meer volledig in die Bylae omskrywe, permanent te sluit en aan die NG Kerk (Gemeente Risiville), te vervreem vir kerkdoeleindes.

Tekening TP26/2/3, wat die voorgestelde sluiting aantoon, kan gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Stadsekretaris, Kamer 1, Munisipale Kantoor, Vereeniging, besigtig word.

Enigiemand wat enige beswaar teen die voorgename sluiting en vervreemding het, of wat vergoeding mag eis indien sodanige sluiting plaasvind, moet sy beswaar of eis, skriftelik nie later nie as 26 April 1986 by die Stadsklerk, Munisipale Kantoor, Vereeniging indien.

J J ROODT
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 35
Vereeniging
26 Februarie 1986
Kennisgewing No 19/1986

BYLAE

'n Gedeelte van Erf 821, (Park), Risiville, vide Algemene Plan SG No A4453/55, ongeveer 8 000 m² in omvang, geleë aan die oostelike gedeelte van gemele erf, soos meer volledig aangetoon deur die figuur ABCDEFGH op tekening TP26/2/3.

TOWN COUNCIL OF VEREENIGING

PROPOSED PERMANENT CLOSING AND ALIENATION OF A PORTION OF ERF 821, RISIVILLE

Notice is hereby given in terms of sections 67, 68 and 79(18)(b), of the Local Government Ordinance, 1939, that it is the intention of the Town Council of Vereeniging to close permanently a portion of Erf 821, Risiville, (Park), in extent approximately 8 000 m², as more fully described in the appended schedule, and alienate the said portion to the Dutch Reformed Church (Risiville) for church purposes.

Drawing TP26/2/3, showing the proposed closing, can be inspected during normal office hours at the office of the Town Secretary, Room 1, Municipal Offices, Vereeniging.

Any person who has any objection to the proposed permanent closing and alienation, or who may have any claim for compensation if such closing is carried out, must lodge his objection or claim in writing with the Town Clerk, Municipal Offices, Vereeniging, by not later than 26 April 1986.

J J ROODT
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 35
Vereeniging
26 February 1986
Notice No 19/1986

SCHEDULE

A portion of Erf 821, Risiville, note General Plan SG No A4453/55, in extent approximately 8 000 m², situated on the eastern side of the said erf, as depicted in more detail by the figure ABCDEFGH on drawing TP26/2/3.

335—26

DORPSRAAD VAN WATERVAL BOVEN: WYSIGING VAN ELEKTRISITEITS- VERORDENINGE

Kennis geskied hiermee dat die Dorpsraad van Waterval Boven van voorneme is om die Administrateur te versoek om sy Elektrisiteitsvoorsieningsverordeninge te wysig ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939).

Die strekking van hierdie wysiging is die verhoging van die tarief van gelde:

- (a) Huishoudelik vanaf 4,85c na 5,24c; en
- (b) besighede vanaf 5,35c en 5,89c

om voorsiening te maak vir die verhoging van kostes deur Evkom.

Hierdie wysiging lê ter insae vir 'n tydperk van 14 dae vanaf datum van publikasie in die Staatskoerant en enige persoon wat beswaar hierteen wens aan te teken, moet dit skriftelik doen binne die genoemde periode by die ondergetekende.

A J SNYMAN
Stadsklerk

26 Februarie 1986
Kennisgewing No 10/1985

WATERVAL BOVEN VILLAGE COUNCIL

AMENDMENT TO ELECTRICITY BY-LAWS

Notice is hereby given that the Village Council of Waterval Boven intends to request the Administrator to amend the Electricity By-laws in terms of the provisions as stipulated in section 96 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939).

The general purpose of this amendment is the increase of the tariff of charges:

(a) Domestic consumers from 4,85c to 5,24c; and

(b) businesses from 5,35c to 5,89c

to make provision for the increase in charges by Escom.

A copy of this amendment is open for the inspection for a period of 14 days after publication in the Government Gazette and any person who desires to record his objections to the said amendment, must do so in writing to the undersigned within the said period.

A J SNYMAN
Town Clerk

26 February 1986
Notice No 10/1985

336—26—5

STADSRAAD VAN PRETORIA

WYSIGING VAN DIE STADSRAAD VAN PRETORIA SE ELEKTRISITEITSTARIEF

Ooreenkomstig artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), word hiermee bekend gemaak dat die Stadsraad van Pretoria die gelde betaalbaar aan die Raad vir die voorsiening van elektrisiteit aan persele geleë binne die Raad se elektrisiteitsvoorsieningsgebied (Kennisgewing 185 gedateer 10 Julie 1985), soos gewysig (Kennisgewing 299 gedateer 4 Desember 1985), soos in die onderstaande bylae uiteengesit word, met ingang van 3 Maart 1986 verder gewysig het.

D H MARX
Waarnemende Stadsklerk

26 Februarie 1986
Kennisgewing No 59/1986

BYLAE

ELEKTRISITEITSTARIEF

Die Elektrisiteitstarief van die Munisipaliteit Pretoria, goedgekeur by 'n Spesiale Besluit van die Raad gedateer 3 Junie 1985 en gepubliseer by Kennisgewing 185 gedateer 10 Julie 1985, en gewysig deur 'n Spesiale Besluit van die Raad gedateer 30 Oktober 1985 en gepubliseer by Kennisgewing 299 gedateer 4 Desember 1985, word hierby verder soos volg gewysig:

Deur Deel A van die vasstelling deur die volgende te vervang:

"DEEL A

SKALE VAN TOEPASSING OP DIE TOEVOER VAN ELEKTRISITEIT AAN PERSELE GELEË BINNE DIE GEBIED WAT DEUR DIE ELEKTRISITEITSAFDELING VAN DIE STADSRAAD VAN PRETORIA BEDIEN WORD

1. HUISHOUDELIKE BLOKSKAAL

Behoudens enige bykomende heffings wat in Deel B van die tarief vervat is en behoudens die uitsonderings wat onder klas (k) uiteengesit is, is hierdie skaal van toepassing ten opsigte van persele wat binne wetlik gestigte dorpe binne en buite die munisipaliteit geleë is: Met dien verstande dat die Stadslektrisi-teisingenieur in die geval waar die verbruiker se beraamde las meer is as 25 kV.A, kan bepaal dat die Laespanningaanvraag skaal van toepassing is.

Vir Elektrisiteit wat teen lae spanning gelewer of beskikbaar gestel word aan —

(a) 'n private huis;

(b) 'n losieshuis of hotel, uitgesonderd 'n hotel wat ingevolge 'n drankwet gelisensieer is;

(c) 'n woonstel;

(d) 'n verpleeginrigting of hospitaal;

(e) 'n tehuis van 'n liefdadigheidsinrigting;

(f) 'n koshuis;

(g) 'n klub, uitgesonderd 'n klub wat ingevolge 'n drankwet gelisensieer is;

(h) 'n kerk of kerksaal wat uitsluitlik vir openbare aanbidding gebruik word;

(i) 'n pomptoeel waar die water wat gepomp word uitsluitlik vir huishoudelike doeleindes gebruik word op 'n perseel wat ingevolge hierdie skaal van die tarief toevoer ontvang;

(j) 'n gebou of afsonderlike gedeelte van 'n gebou wat 'n aantal van die voorgaande klasse of ander uitsluitlik vir woondoeleindes gebruikte eenhede omvat ten opsigte waarvan die verbruik vir die vasstelling van heffings ingevolge hierdie skaal afsonderlik deur die Raad gemeet word;

(k) klasse (d), (e) en (h) geleë buite wetlik gestigte dorpe;

is die volgende heffings betaalbaar:

1. Waar die Perseel deur middel van 'n Enkel-fasige Aansluiting van Elektriese Krag voorsien word

(1)(a) 'n Heffing per maand per metingspunt wat betaalbaar is, hetsy elektrisiteit verbruik word of nie, volgens die aanslag van die verbruiker se inkomende stroombreker ooreenkomstig die volgende skaal:

(i) Waar die aanslag van die stroombreker 40 ampère of minder is: R3,76.

(ii) Waar die aanslag van die stroombreker meer is as 40 ampère maar nie meer is as 60 ampère nie: R8,32.

(iii) Waar die aanslag van die stroombreker meer is as 60 ampère: R8,32 plus 56c per ampère bo 60 ampère:

Met dien verstande dat waar 'n verbruiker nie 'n inkomende stroombreker het nie, 'n heffing betaalbaar is asof die verbruiker 'n inkomende stroombreker met 'n aanslag van 60 ampère het, tensy die Stadslektrisi-teisingenieur of 'n gemagtigde beampte na 'n inspeksie van die perseel vind dat die totale stroom van alle elektriese apparaat van die verbruiker wat by die Raad se elektrisiteits-

toevoer aangesluit is of aangesluit kan word, meer is as 60 ampère, in welke geval die Stadslektrisi-teisingenieur of gemagtigde beampte die toepaslike stroombrekeraanslag bepaal.

(b) Waar die Stadslektrisi-teisingenieur of gemagtigde beampte ooreenkomstig die voorbehoudsbepaling van subitem (a) die toepaslike aanslag bepaal het, word die verbruiker onmiddellik skriftelik daarvan in kennis gestel, in welke geval die verbruiker aansprek-lik is vir die hoër heffing vanaf die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die inspeksie plaasgevind het.

(c) Waar 'n verbruiker 'n stroombreker installeer, word die heffing ooreenkomstig subitem (a) vanaf die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die installasie plaasgevind het, aangepas.

(d) Vir die doeleindes van hierdie item beteken 'n "stroombreker" 'n dubbelpool-stroombreker of 'n neutraalskakelaar/stroombrekerkombinasie; plus

(2) 'n energieheffing wat betaalbaar is vir alle kW.h wat sedert die vorige meteraflesing verbruik is, ooreenkomstig die volgende skaal:

(a) Vir die eerste 1 100 kW.h: 6,212c per kW.h.

(b) Vir alle ander kW.h: 2,356c per kW.h; plus

(3) waar dit van toepassing is, 'n vaste heffing per maand.

2. Waar die Perseel deur middel van 'n Driefasige Aansluiting van Elektrisiteit voorsien word

(1)(a) 'n Heffing per maand per metingspunt wat betaalbaar is hetsy elektrisiteit verbruik word of nie, volgens die aanslag van die verbruiker se inkomende stroombreker ooreenkomstig die volgende skaal:

(i) Waar die aanslag van die stroombreker 20 ampère of minder is: R9,04.

(ii) Waar die aanslag van die stroombreker meer is as 20 ampère: R9,04 plus R1,68 per ampère bo 20 ampère:

Met dien verstande dat waar 'n verbruiker nie 'n inkomende stroombreker het nie, 'n heffing betaalbaar is asof die verbruiker 'n inkomende stroombreker met 'n aanslag van 35 ampère per fase het, tensy die Stadslektrisi-teisingenieur of 'n gemagtigde beampte na 'n inspeksie van die perseel vind dat die totale stroom van alle elektriese apparaat van die verbruiker wat by die Raad se elektrisiteits-toevoer aangesluit is of aangesluit kan word, meer is as 35 ampère per fase, in welke geval die Stadslektrisi-teisingenieur of gemagtigde beampte die toepaslike stroombrekeraanslag bepaal.

(b) Waar die Stadslektrisi-teisingenieur of gemagtigde beampte ooreenkomstig die voorbehoudsbepaling van subitem (a) die toepaslike aanslag bepaal het, word die verbruiker onmiddellik skriftelik daarvan in kennis gestel, in welke geval die verbruiker aansprek-lik is vir die hoër heffing vanaf die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die inspeksie plaasgevind het.

(c) Waar 'n verbruiker 'n stroombreker installeer, word die heffing ooreenkomstig subitem (a) vanaf die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die installasie plaasgevind het, aangepas.

(d) Vir die doeleindes van hierdie item beteken 'n "stroombreker" 'n driepoolstroombreker; plus

(2) 'n energieheffing wat betaalbaar is vir alle kW.h wat sedert die vorige meteraflesing

verbruik is, ooreenkomstig die volgende skaal:

(a) Vir die eerste 1 100 kW.h: 6,212c per kW.h.

(b) Vir alle ander kW.h: 2,356c per kW.h; plus

(3) waar dit van toepassing is, 'n vaste heffing per maand.

II. NIE-HUISHOUDELIKE BLOKSKAAL

Behoudens enige bykomende heffings wat in Deel B van die tarief vervat is, is hierdie skaal van toepassing ten opsigte van persele wat binne en buite die munisipaliteit geleë is.

Vir elektrisiteit wat teen lae spanning gelewer of beskikbaar gestel word aan 'n gebou of afsonderlike gedeelte van 'n gebou wat gebruik word vir doeleindes wat gelys is as paragrawe (a) tot en met (1) in die aanhef van die Laespanningaanvraagsskaal waarvan die beraamde las nie meer as 25 kV.A is nie.

1. Waar die Perseel deur middel van 'n Enkelfasige Aansluiting van Elektrisiteit voorsien word

(1)(a) 'n Heffing per maand per metingspunt wat betaalbaar is, hetsy elektrisiteit verbruik word of nie, volgens die aanslag van die verbruiker se inkomende stroombreker ooreenkomstig die volgende skaal:

(i) Waar die aanslag van die stroombreker 40 ampère of minder is: R3,76.

(ii) Waar die aanslag van die stroombreker meer is as 40 ampère maar nie meer is as 60 ampère nie: R9,24.

(iii) Waar die aanslag van die stroombreker meer is as 60 ampère: R9,24 plus 64c per ampère bo 60 ampère:

Met dien verstande dat waar 'n verbruiker nie 'n inkomende stroombreker het nie, 'n heffing betaalbaar is asof die verbruiker 'n inkomende stroombreker met 'n aanslag van 60 ampère het, tensy die Stadsselektrisiteitsingenieur of 'n gemagtigde beampte na 'n inspeksie van die perseel vind dat die totale stroom van alle elektriese apparaat van die verbruiker wat by die Raad se elektrisiteitstoevoer aangesluit is of aangesluit kan word meer is as 60 ampère, in welke geval die Stadsselektrisiteitsingenieur of gemagtigde beampte die toepaslike stroombrekeraanslag bepaal: Voorts met dien verstande dat in die geval waar 'n tydelike aansluiting aan 'n perseel voorsien word, die stroombrekeraanslag as nie minder as 80 ampère gereken word nie.

(b) Waar die Stadsselektrisiteitsingenieur of gemagtigde beampte ooreenkomstig die voorbehoudsbepaling van subitem (a) die toepaslike aanslag bepaal het, word die verbruiker onmiddellik skriftelik daarvan in kennis gestel, in welke geval die verbruiker aanspreeklik is vir die hoër heffing vanaf die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die inspeksie plaasgevind het.

(c) Waar 'n verbruiker 'n stroombreker installeer, word die heffing ooreenkomstig subitem (a) vanaf die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die installasie plaasgevind het, aangepas.

(d) Vir die doeleindes van hierdie item beteken 'n "stroombreker" 'n dubbelpoolstroombreker of 'n neutraalskakelaar/stroombrekerkombinasie; plus

(2) 'n energieheffing wat betaalbaar is vir alle kW.h wat sedert die vorige meteraflesing verbruik is, ooreenkomstig die volgende skaal:

(a) Vir die eerste 5 400 kW.h: 6,038c per kW.h.

(b) Vir alle ander kW.h: 2,356c per kW.h; plus

(3) waar dit van toepassing is, 'n vaste heffing per maand.

2. Waar die Perseel deur middel van 'n Driefasige Aansluiting van Elektrisiteit voorsien word

(1)(a) 'n Heffing per maand per metingspunt wat betaalbaar is hetsy elektrisiteit verbruik word of nie, volgens die aanslag van die verbruiker se inkomende stroombreker ooreenkomstig die volgende skaal:

(i) Waar die aanslag van die stroombreker 20 ampère of minder is: R10,50.

(ii) Waar die aanslag van die stroombreker meer is as 20 ampère: R10,50 plus R1,92 per ampère bo 20 ampère:

Met dien verstande dat waar 'n verbruiker nie 'n inkomende stroombreker het nie, 'n heffing betaalbaar is asof die verbruiker 'n inkomende stroombreker met 'n aanslag van 35 ampère per fase het, tensy die Stadsselektrisiteitsingenieur of 'n gemagtigde beampte na 'n inspeksie van die perseel vind dat die totale stroom van alle elektriese apparaat van die verbruiker wat by die Raad se elektrisiteitstoevoer aangesluit is of aangesluit kan word meer is as 35 ampère per fase, in welke geval die Stadsselektrisiteitsingenieur of gemagtigde beampte die toepaslike stroombrekeraanslag bepaal: Voorts met dien verstande dat in die geval waar 'n tydelike aansluiting aan 'n perseel voorsien word, die stroombrekeraanslag as nie minder as 35 ampère per fase gereken word nie.

(b) Waar die Stadsselektrisiteitsingenieur of gemagtigde beampte ooreenkomstig die voorbehoudsbepaling van subitem (a) die toepaslike aanslag bepaal het, word die verbruiker onmiddellik skriftelik daarvan in kennis gestel, in welke geval die verbruiker aanspreeklik is vir die hoër heffing vanaf die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die inspeksie plaasgevind het.

(c) Waar 'n verbruiker 'n stroombreker installeer, word die heffing ooreenkomstig subitem (a) vanaf die eerste dag van die maand wat volg op die maand waarin die installasie plaasgevind het, aangepas.

(d) Vir die doeleindes van hierdie item beteken 'n "stroombreker" 'n driepoolstroombreker; plus.

(2) 'n energieheffing wat betaalbaar is vir alle kW.h wat sedert die vorige meteraflesing verbruik is, ooreenkomstig die volgende skaal:

(a) Vir die eerste 5 400 kW.h: 6,038c per kW.h.

(b) Vir die ander kW.h: 2,356c; plus

(3) waar dit van toepassing is, 'n vaste heffing per maand.

III. LAESPANNINGAANVRAAGSKAAL

Behoudens enige bykomende heffings wat in Deel B van die tarief vervat is, is hierdie skaal van toepassing ten opsigte van persele wat binne en buite die munisipaliteit geleë is vir elektrisiteit wat teen lae spanning gelewer of beskikbaar gestel word aan —

(a) 'n winkel of handelshuis;

(b) 'n kantoorgebou;

(c) 'n hotel wat ingevolge 'n drankwet gelisensieer is;

(d) 'n kroeg;

(e) 'n kafee, teekamer of restaurant;

(f) 'n gekombineerde winkel en teekamer;

(g) 'n openbare saal;

(h) 'n klub wat ingevolge 'n drankwet gelisensieer is;

(i) 'n nywerheids- of fabriekonderneming;

(j) 'n onderwysinrigting met uitsondering van 'n koshuis indien van 'n afsonderlike meter voorsien;

(k) 'n gebou of deel van 'n gebou wat 'n aantal van bogenoemde klasse omvat;

(l) alle verbruikers wat nie ingevolge ander skale van die tarief omskryf word nie.

Hierdie skaal is nie beskikbaar ten opsigte van persele wat 'n beraamde las van 25 kW.h of minder het nie, welke persele ressorteer of onder die Nie-huishoudelike Blokskaal of onder die plaasskaal na gelang daarvan of die perseel onderskeidelik binne of buite 'n wetlike gestigte dorp geleë is.

Die volgende heffings is betaalbaar:

1. 'n Diensheffing van R26 per maand per metingspunt wat betaalbaar is hetsy elektrisiteit verbruik word of nie; plus

2. 'n aanvraagheffing van R10,20 per maand per kW.A van halfuurlikse maksimum aanvraag onderworpe aan 'n minimum van R153 per maand hetsy elektrisiteit verbruik word of nie: Met dien verstande dat die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van die maksimum aanvraag in enige maand nie minder is nie as die produk van die heersende tarief en 45 % van die hoogste aanvraag wat gedurende die voorafgaande maande Mei, Junie, Julie of Augustus aangeteken is; plus

3. 'n energieheffing van 2,356c per kW.h vir alle kW.h wat sedert die vorige meteraflesing verbruik is; plus

4. waar dit van toepassing is, 'n vaste heffing per maand.

IV. 11kV-TOEVOERSKAAL

Behoudens enige bykomende heffings wat in Deel B van die tarief vervat is, is hierdie skaal van toepassing ten opsigte van persele wat binne of buite die munisipaliteit geleë is.

Vir elektrisiteit wat teen 11 kV gelewer of beskikbaar gestel word, is die volgende heffings betaalbaar:

1. 'n Diensheffing van R42 per maand per metingspunt wat betaalbaar is hetsy elektrisiteit verbruik word of nie; plus

2. 'n aanvraagheffing van R9,56 per maand per kV.A van halfuurlikse maksimum aanvraag, onderworpe aan 'n minimum heffing van R1 434 per maand hetsy elektrisiteit verbruik word of nie: Met dien verstande dat die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van die maksimum aanvraag in enige maand nie minder is nie as die produk van die heersende tarief en 70 % van die hoogste aanvraag wat gedurende die voorafgaande maande Mei, Junie, Julie of Augustus aangeteken is; plus

3. 'n energieheffing van 2,168c per kW.h vir alle kW.h wat sedert die vorige meteraflesing verbruik is: Met dien verstande dat in die geval van 'n verbruiker wie se rekening R12 900 per maand sou oorskry en aan wie nie ook elektrisiteit volgens die Buitespitstoevoerskaal voorsien word nie, die gemelde energieheffing na 2,152c per kW.h verminder word as die gemiddelde daaglikse verbruik in 'n betrokke maand gelyk is aan of meer is as 18 kW.h per kV.A van die maksimum aanvraag in daardie maand; plus

4. waar dit van toepassing is, 'n vaste heffing per maand.

V. BUITESPITSTYD TOEVOERSKAAL

Behoudens enige bykomende heffing wat in Deel B van die tarief vervat is, is hierdie skaal van toepassing op persele wat binne en buite die munisipaliteit geleë is.

Die volgende bepaling is van toepassing op

'n toevoer van elektrisiteit wat gedurende die buitespitsperiode van 20h00 tot 07h00 of gedurende die periode soos deur die Stadslektrisitetsingenieur bepaal aan persele voorsien of beskikbaar gestel word en aan wie 'n standaardtoevoer volgens of die 11 kV-toevoerskaal of die Laespanningaanvraagsskaal gelewer word:

1. Die verbruiker moet skriftelik aansoek doen om so 'n buitespitsytoevoer wat aan die volgende beperkings onderworpe sal wees:

(a) Die verbruiker se elektriese installasie moet so ingerig word dat die buitespitsytoevoer slegs gedurende die tyd wat in hierdie aanhef uiteengesit is, gebruik kan word.

(b) Die verbruiker moet die beperking van so 'n toevoer tot die vermoë van die bestaande hoofleidings en toerusting, of, in die geval van 'n nuwe of verhoogde toevoer, tot die vermoë van die hoofleidings en toerusting wat per onderlinge ooreenkoms tussen die Raad en die verbruiker deur die Raad voorsien word en enige ander beperkings ten opsigte van die maksimum aanvraag of aard van die las wat die Stadslektrisitetsingenieur mag opleë, aanvaar.

2. Die verbruiker moet die Raad vergoed vir die voorsiening en installering van die nodige meettoerusting.

Indien die aansoek deur die Stadslektrisitetsingenieur goedgekeur word en die buitespitsytoevoer voorsien of beskikbaar gestel word, is die volgende heffings betaalbaar:

1. 'n Aanvraagheffing teen 10 % per maand van die tarief per kV.A wat betaal is ingevolge die tariefskaal waarvolgens die standaardtoevoer aan die perseel voorsien word, toegepas op die waarde waarmee die halfuurlikse maksimum aanvraag gedurende die buitespitsperiode die halfuurlikse maksimum aanvraag van toepassing op die standaardtoevoer, oorskry.

2. 'n Energieheffing vir alle kW.h wat gedurende die buitespits tyd sedert die vorige meteraflesing verbruik is teen die tarief per kW.h wat bepaal is ingevolge die tariefskaal waarvolgens die standaardtoevoer aan die perseel voorsien word; plus

3. waar dit van toepassing is, 'n vaste heffing per maand.

VI. 33kV-TOEVOERSKAAL

Behoudens enige bykomende heffings wat in Deel B van die tarief vervat is, is hierdie skaal van toepassing ten opsigte van verbruikers wat 'n elektrisiteitstoever teen 33 kV regstreeks van die kragentrale geleistamme neem en wie se verbruik by hierdie punt gemeet word, en die volgende heffings is betaalbaar:

1. 'n Diensheffing van R47 per maand wat betaalbaar is hetsy elektrisiteit verbruik word of nie; plus

2. 'n aanvraagheffing van R9,04 per maand per kV.A van halfuurlikse maksimum aanvraag, onderworpe aan 'n minimum heffing van R90 400 per maand hetsy elektrisiteit verbruik word of nie: Met dien verstande dat die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van die maksimum aanvraag in enige maand nie minder is nie as die produk van die heersende tarief en 70 % van die hoogste aanvraag wat gedurende die voorafgaande maande Mei, Junie, Julie of Augustus aangeteken is; plus

3. 'n energieheffing van 2,12c per kW.h vir alle kW.h wat sedert die vorige meteraflesing verbruik is; plus

4. waar dit van toepassing is, 'n vaste heffing per maand.

VII. 132kV-TOEVOERSKAAL

Behoudens enige bykomende heffings wat

in Deel B van die tarief vervat is, is hierdie skaal van toepassing ten opsigte van persele wat binne of buite die munisipaliteit geleë is.

Vir elektrisiteit wat teen 132 kV gelewer of beskikbaar gestel word, is die volgende heffings betaalbaar:

1. 'n Diensheffing van R47 per maand per metingspunt, wat betaalbaar is hetsy elektrisiteit verbruik word of nie; plus

2. 'n aanvraagheffing van R9,32 per maand per kV.A van halfuurlikse maksimum aanvraag, onderworpe aan 'n minimum heffing van R93 200 per maand, hetsy elektrisiteit verbruik word of nie: Met dien verstande dat die bedrag wat betaalbaar is ten opsigte van die maksimum aanvraag in enige maand nie minder is nie as die produk van die heersende tarief en 70 % van die hoogste aanvraag wat gedurende die voorafgaande maande Mei, Junie, Julie of Augustus aangeteken is; plus

3. 'n energieheffing van 2,144c per kW.h vir alle kW.h wat sedert die vorige meteraflesing verbruik is; plus

4. waar dit van toepassing is, 'n vaste heffing per maand.

VIII. 275kV-TOEVOERSKAAL

Behoudens enige bykomende heffings wat in Deel B van die tarief vervat is, is hierdie skaal van toepassing ten opsigte van persele wat binne of buite die munisipaliteit geleë is.

1. Standaardtoevoer

Vir elektrisiteit wat teen 275 kV gelewer of beskikbaar gestel word, is die volgende heffings betaalbaar:

(a) Die basiese heffing, aanvraagprys, energieprys sowel as die algemene korting of algemene toeslag wat op die tydstop van toepassing is, soos uiteengesit in Tarief 'A' van Evkom se lisensie, soos van tyd tot tyd in die Staatskoerant gepubliseer en wat op Pretoria van toepassing is: Met dien verstande dat enige kortings ten opsigte van transformatorverliese en transformatorverliese wat aan Pretoria deur Evkom toegestaan word, ook deur Pretoria aan verbruikers ingevolge hierdie tariefskaal toegestaan sal word: Voorts met dien verstande dat indien die som van die bedrae ten opsigte van die maandelikse aanvraagheffings vir 'n kalenderjaar bereken soos hierbo uiteengesit, minder is as die som van twaalf maandelikse bedrae, welke bedrae bereken word deur die toepaslike netto aanvraagprys vir die betrokke maand soos hierbo uiteengesit, met 87 % van die hoogste maksimum aanvraag waarvoor die verbruiker in daardie kalenderjaar aangeslaan is, te vermenigvuldig, die verskil deur die verbruiker voor die einde van Januarie van die daaropvolgende jaar betaalbaar is; plus

(b) 'n toeslag van 11,1 % op die som van die netto bedrae wat volgens subitem (a) hierbo uiteengesit is; plus

(c) waar dit van toepassing is, 'n vaste heffing per maand.

2. Spesiale Buitespitsytoevoer

Die volgende heffings is ten opsigte van die spesiale buitespitsperiode van 21h00 tot 06h30 of gedurende die periode waarop die Stadslektrisitetsingenieur besluit, betaalbaar, indien 'n spesiale buitespitsytoevoer aanvullend by die standaardtoevoer in item 1 hierbo uiteengesit, beskikbaar gestel word: Met dien verstande dat die verbruiker skriftelik aansoek gedoen het om so 'n spesiale buitespitsytoevoer en onderneem om sy elektriese installasie so in te rig dat die spesiale buitespitsytoevoer slegs gedurende die periode hierbo uiteengesit, gebruik kan word en onderneem om die beperking van so 'n toevoer tot die vermoë van die hoofleidings en toerusting wat normaalweg vir die hooftoe-

voer na die perseel verskaf sou word, en enige ander beperkings ten opsigte van die maksimum aanvraag of aard van die las wat die Stadslektrisitetsingenieur kan opleë, te aanvaar:

(a) Die energieprys sowel as die algemene korting of algemene toeslag wat op die tydstop van toepassing is, soos uiteengesit in Tarief 'A' van Evkom se lisensie, soos van tyd tot tyd in die Staatskoerant gepubliseer en wat op Pretoria van toepassing is: Met dien verstande dat enige kortings ten opsigte van transformatorverliese wat aan Pretoria deur Evkom toegestaan word, ook deur Pretoria aan verbruikers ingevolge hierdie tariefskaal toegestaan sal word; plus

(b) 'n toeslag van 12,0 % op die som van die netto bedrag wat ingevolge subitem (a) hierbo bereken is.

IX. PLAASSKAAL

Behoudens enige bykomende heffings wat in Deel B van die tarief vervat is en uitgesonderd die persele wat onder klas (k) van die Huishoudelike Blokskaal of onder die Laespanningaanvraagsskaal ressorteer, is hierdie skaal van toepassing op persele wat buite wetlik gestigte dorpe binne of buite die munisipaliteit geleë is en waaraan elektrisiteit teen lae spanning voorsien of beskikbaar gestel word: Met dien verstande dat die Stadslektrisitetsingenieur in die geval waar die beraamde las 25 kV.A of meer is, kan bepaal dat die Laespanningaanvraagsskaal van toepassing is.

Die volgende heffings is betaalbaar:

1. Waar die Perseel deur middel van 'n Enkelfasige Aansluiting van Elektriese krag voorsien word

(1)(a) 'n Heffing per maand per metingspunt wat betaalbaar is, hetsy elektrisiteit verbruik word of nie, volgens die aanslag van die verbruiker se inkomende stroombreker ooreenkomstig die volgende skaal:

(i) Waar die aanslag van die stroombreker 40 ampère of minder is: R6,76.

(ii) Waar die aanslag van die stroombreker meer is as 40 ampère maar nie meer is as 60 ampère nie: R14,92.

(iii) Waar die aanslag van die stroombreker meer is as 60 ampère: R14,92 plus R1,24 per ampère bo 60 ampère:

Met dien verstande dat waar 'n verbruiker nie 'n inkomende stroombreker het nie, 'n heffing betaalbaar is asof die verbruiker 'n inkomende stroombreker met 'n aanslag van 60 ampère het, tensy die Stadslektrisitetsingenieur of 'n gemagtigde beampte na 'n inspeksie van die perseel vind dat die totale stroom van al die elektriese apparaat van die verbruiker wat by die Raad se elektrisiteitstoever aangesluit is of aangesluit kan word, meer is as 60 ampère, in welke geval die Stadslektrisitetsingenieur of gemagtigde beampte die toepaslike stroombrekeraanslag bepaal.

